



MED IN OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE (MEdPsig)

US webtuiste www.sun.ac.za

US 2018- Jaarboek skakel <http://www.sun.ac.za/english/faculty/Pages/Calendar.aspx>

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE-WEBTUISTE
<http://www.sun.ac.za/english/faculty/education/programmes/postgraduate-programmes>

VIR ADMINISTRATIEWE NAVRAE: Kliëntediens: 021 808 9111 | info@sun.ac.za

INLIGTING: Sien Jaarboek 2018 Deel 6 & Deel 1

- 1. Die doel van die program:** Sien Jaarboek 2018 Deel 6, bladsy 89 – 91
Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties gegronde kennis, vaardighede en benaderings wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van twaalf maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (*Health Professions Council of South Africa – HPCSA*) kan registreer.
- 2. Toelatingsvereistes:** Sien Jaarboek 2018 Deel 6, bladsy 89 – 91
 - **Hons BEd in Opvoedkundige Sielkunde** (dus BPsig-ekwivalent) OF **BEdPsig** OF 'n **goedgekeurde graad in Sielkunde** OF geregistreer as 'n "Berader" by die HPCSA.
 - Bogenoemde impliseer dat voorgraadse studies in **Sielkunde** tot op **3de jaarsvlak 'n verpligte vereiste** is.
 - 'n Goedgekeurde **onderwyskwalifikasie** (hierdie onderwyskwalifikasie moet verkry word van 'n erkende nasionale hoëronderwysinstelling en geakkrediteer wees volgens die relevante voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op **NKR-vlak 7** (byvoorbeeld NOS of BEd). In die geval van 'n internasionale kwalifikasie, moet die kwalifikasie ook deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA) geverifieer word as 'n ekwivalent van 'n Suid-Afrikaanse onderwyskwalifikasie by www.saga.org.za. Die amptelike dokumente moet voor 30 Junie saam met die aansoek vir die program ingehandig word.
 - 'n **Minimum** van **twee jaar** onderwyservaring (hierdie ervaring moet opgedoen word ná die voltooiing van die onderwyskwalifikasie en moet by 'n skool, kollege of universiteit opgedoen word). Ervaring moet gebaseer wees op formele ervaring as 'n onderwyser/opvoeder en op 'n permanente basis. Praktiese ondervinding (proef-onderwys) tydens onderwysopleiding asook internskap sal nie as onderwyservaring erken word nie. Bewyse hiervan moet die detail van die betrokke posbeskrywing(s) insluit.
 - 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of Sielkunde-georiënteerde vakke op Hons-vlak (NKR vlak 8).
 - Indien enige ander kwalifikasies wat as "gelykwaardig" van bg kwalifikasies ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.
- 3. Sluitingsdatum vir aansoekers:** Sien Jaarboek 2018 Deel 6, bladsy 89 – 91
30 JUNIE VAN DIE VOORAFGAANDE VOORNEMENDE STUDIEJAAR

4. Keuring:

Die keuringsproses vind in twee fases plaas.

Fase 1: Tydens dié fase sal aansoek nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen. **Die inhandiging van 'n aansoekvorm verseker nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.**

Fase 2: Die keuringsproses vir 2019-2020 vind plaas by die Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch. Kandidate wat kwalifiseer en die **tweede fase** van die keuring moet bywoon, sal ná Julie per e-pos ingelig word.

- Datums vir 2de fase: Maandag 10 – Vrydag 14 September 2018
- Dokumente soos CV's, verwysingsverslae en meer inligting sal versoek word

5. Duur en program-aanbieding: Twee jaar deelyds (na ure):

1ste jaar: Bestaan uit **akademiese modules** en goedkeuring **van die navorsingsvoorstel**.


2de jaar: Bestaan uit **praktikum-modules**, **goedkeuring van die internskapprogram** (inhandiging einde Julie) en voltooiing van **tesis**.

3de jaar: 'n verdere **voltydse goedgekeurde internskap van twaalf maande** (wat deur die student gereël word), moet voltooi word. Die Suid-Afrikaanse Beroepsraad vir Sielkunde-eksamen moet ook geslaag word voor 'n student in aanmerking kan kom om as 'n Opvoedkundige Sielkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (*Health Professions Council of South Africa – HPCSA*) te registreer.

Programstruktuur : Sien Jaarboek 2018 Deel 6, bladsy 89 – 91

6. Aansoekproses:

So lyk die eerste beeld wat u op maties.com sal sien:



7.1 Aansoek aanlyn: volg www.maties.com Indien u enige probleme met die aanlynproses ondervind, kontak Kliëntediens by info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7.2 Indien u reeds by die Universiteit geregistreer is in die jaar waarin u aansoek doen, kontak me Euné Louwrens eel@sun.ac.za

7.3 Harde kopie-aansoek: Kontak US Kliëntediens info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7. **Programkoste:** Sien Jaarboek 2018 Deel 3, of kontak US Kliëntediens info@sun.ac.za | 021 808 9111. Vir meer inligting, raadpleeg die Jaarboek oor Studentegelde by http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2018_StudentFees_afr.pdf

8. **Akademiese kwalifikasies-navrae:** Me Euné Louwrens eel@sun.ac.za

9. Departementele navrae:

Mev L Collair, programkoördineerder lyncol@sun.ac.za of Me C Fortuin, Departementele Beampte cfortuin@sun.ac.za

